

in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR, Transvaal), in Nederlandse koerante gepubliseer. Mansvelt het daarin Nederlandse onderwysers uitgenooi om in Transvaal te solliciteer. Ds. Ulfers het belangstelling vir Suid-Afrika gehad; die saakgelastigde van die ZAR in Europa, jonkheer G. Beelaerts van Blokland, het hom gevra om 'n beroep na die Nederduits Hervormde Kerk in Pretoria, Middelburg en Standerton te oorweeg, maar hy het hiervoor bedank. Die beroep is toe in 1887 deur ds. M.J. Goddefroy aangeneem.⁹⁾

Na Transvaal

Net soos ander jong Nederlanders het Pieter besluit om onderwyser in Transvaal te word om die onderwys aan die Boerevolk en die Nederlandse en godsdienstige aard van die volk te steun en om sy vooruitsigte op 'n loopbaan te verbeter. Hy het aansoek gedoen onder beskermheerskap van die "Fonds ten behoeve van het Hollandsch onderwijs in Zuid-Afrika" te Amsterdam, wat tientalle Nederlandse onderwysers na Suid-Afrika gestuur het. Hy het aanbevelingsbrieue van ds. Ulfers en die rektor van die Erasmiaanse gymnasium ontvang en is aangeneem.¹⁰⁾ Hy vertrek in Maart 1895 na Transvaal en net soos talle ander onderwysers uit Nederland begin op plaaskole. Hy het enkele maande op 'n plaasskool les gegee en daarna op ander plaasskole onderwys, almal in die distrik Elandsrivier tussen Pretoria en die Hartebeespoort aan die pad na Rustenburg. Hy het in 1895 op die plaas Klipfontein, daarna vanaf 5 Februarie 1896 onderrig gegee op Hartebeespoort, in 1897 op Sybrandskraal en in 1898 op Gembokfontein.¹¹⁾ Tydens die onverhoedse inval deur dr. L.S. Jameson met 'n troep militêre vanuit Betsjoeanaland in Transvaal aan die einde van 1895, met die doel om die bewind van president Kruger omver te werp, was Pieter een van die buitelanders wat hom vrywillig vir militêre diens aangemeld het om die vyande van die ZAR te beveg. Dit is onbekend of hy werlik kommandodiens in 1896 verrig het. As buitlander wat hom vrywillig vir militêre diens aangemeld het, het hy op 24 September 1897 die volle burgerskap van die ZAR ontvang met verkorting van die lang wagtyd vir die burgerskap gestel.

Intussen het hy hom vir die onderwysberoep bekwaam en in Maart 1898 geslaag vir die staatsekamen onderwyser derde klas in die ZAR. 'n Jaar na sy aankoms in Transvaal het sy jonger broer Willem hom as onderwyser daarheen gevolg. Die aanleiding vir sy emigrasie was moontlik die oorlyde van sy vader Govert Cornelis te Rotterdam in 1896. Sy seun Nicolaas het hom as bestuurder van die seepfabriek opgevolg. Hy het kort voor of tydens die Eerste Wêreldoorlog die fabriek verskuif na die dorp Heerde in Gelderland. Die verstandhouding tussen Pieter en Willem was altyd uitstekend. Volgens die familie-oorlewering was Willem 'n goeie klavier- en orrelspeler en Pieter 'n goeie vioolspeler en het hulle saam in geselskappe in Transvaal musiek gemaak, Pieter as violis en Willem as trompetspeler.²⁾ Berigte oor hul musikale bedrywigheid na die oorlog 1899-1902 ontbreek.

In 1897 is in Pretoria die Staatsgymnasium met Dr. H. Reinink as rektor gestig. Die bedoeling was om daarna 'n


universiteit in die ZAR op te rig en om predikante in die ZAR op te lei. Pieter het sy wens om predikant te word, nooit laat daar nie en in 1898 ingeskryf vir die sesde en hoogste klas van die Nederlands georganiseerde Staatsgymnasium. Hy wou die einddiploma en daar mee toegang tot die theologiese universiteitstudie verwerf. Die nadering van die Anglo-Boereoorlog het die aflegging van die eindeksamen in 1899 verhinder. Op 3 Oktober 1899, agt dae voor die uitbreek van die oorlog, is die Staatsgymnasium op versoek van 57 leerlinge gesluit, omdat die meeste van hulle militêre diens wou gaan verrig. In Januarie 1900 het enkele leerlinge van die hoogste klas die rektor versoek om met vrystelling van die eindeksamen hul einddiploma te mag ontvang. Die eindeksamen sou ses weke na die datum van sluiting afgelê word. Hulle het op 17 Maart 1900 die einddiploma ontvang. Een van hulle was Pieter van Drimmelen, wat toe reeds maandelank op kommando was.¹⁰⁾ Hy is vermoedelik in sy besluit om vir predikant te studeer, versterk deur die besluit van die Algemene Vergadering van die Nederduits Hervormde Kerk in die ZAR, in Januarie 1899 geneem, om 'n kweekskool vir predikante te stig. Die besluit is weens die uitbreek van die oorlog nie verwesenlik nie.

Die name van Pieter en Willem van Drimmelen ontbreek onder die lede van die Hollandervrykorps wat in Oktober 1899 na Natal getrek het. Hulle het hulle dus by 'n Boerekommando aangesluit, miskien die kommando van Pretoria. Volgens die familie-oorlewering het hulle in Noord-Natal geveg, het hulle as Bitterreinders tot die vrede op kommando gebly en hulle dapper verweer. Van Willem is die volgende mededeling oor Pieter afkomstig: "Saam met sy broer Willem het hy aan verskillende veldslae aan die Nataliese front en elders deelgeneem, soos Colenso, Spioenkop, Biggarsberg, en ook die beleg van Ladysmith meegevoer. Volgens sy broer het hy geen vrees geken nie en was hy weergaloos dapper. 'Ik zie hem nog staan rechtop in die bommenregen vermengd met kogels door geweer en maxim ...'¹²⁾ Hy het egter siek geword en is na die Pretoriase hospitaal vir verpleging oorgeplaas. Met die nadering van die Britse leër in Junie 1900 is hy op sy eie versoek met 'n wa na die Bosveld vervoer en so het hy buite bereik van die Engelse gebly. Nadat hy herstel het, het hy en sy broer (Willem) aan die guerillastryd deelgeneem en veral in Oos-Transvaal dapper dade verrig."¹³⁾

Geen ander bron het my oor die broers Van Drimmelen in die oorlog ingelig nie. Ek lees in Pieter se lewenskets in "De Volksstem" van 16 Maart 1907: "Hoewel hij niet bepaald kan roemen op heldendaden of grote schrikbarende gebeurtenissen bleef hij als bitterreinder trouw in het veld." Ek merk hierby op dat Pieter afkerig van eie roem was en ongetwyfeld sy volle plig in die oorlog verrig het. Volgens die familie-oorlewering was Willem verkennner en het Pieter dikwels godsdiensoefening vir die burgers gehou tydens die sluipoorlog in Oos-Transvaal onder kommandant Johannes Jochem Alberts van die kommando Standerton.¹⁴⁾ Na bewering het Boere-offisiere hom destyds aangemoedig om predikant te word.

BYLAE
van PRETORIANA No./Nr. 104
Maart/March 1994

IN MEMORIAM
Kol (Dr) J. Ploeger 1913-1994



Jan Ploeger in 1992

**IN MEMORIAM KOLONEL (DR.) J. PLOEGER
1913-1994**

Op 13 Februarie 1994 is kolonel (Dr.) J. Ploeger byna 81 jaar oud na 'n moedig gedrae siekte van 'n halfjaar in Pretoria oorlede. Hy was 'n historikus met 'n ontsagwekkende werkrag en produktiwiteit, medestigter van die Pretoriase Historiese Vereniging in 1948 onder die naam van Genootskap Oud-Pretoria en redakteur van die tydskrif "Pretorian" en ander historiese tydskrifte. Hy het verskeie wetenskaplike onderskeidings ontvang, onder meer twee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, te wete die Erepenning vir kultuurgeskiedenis in 1985 en die D.F. du Toit Malherbe-prys vir genealogie in 1992.

Ook "Pretorian" is hom heel veel dank vir sy redaksiewerk en talle bydraes verskuldig. Hy het tot sy laaste siekte artikels geskryf en aan die redaksie van "Pretorian" 'n aansienlike aantal bydraes nagelaat. Die redaksie hoop om hulle in die volgende uitgawes van "Pretorian" te publiseer.

Die Bestuur betreur sy heengaan in die hoogste mate.

Dr. Ploeger is getroud met Alida Ploeger, net soos hy gebore in die provinsie Groningen. Hulle het een seun, Hendrik, en twee kleinkinders.

By oorhandiging van die Erepenning vir kultuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie in 1985 het prof. F.A. van Jaarsveld 'n huldigingswoord uitgespreek. Daaruit is die onderstaande lewenskets van Dr. Ploeger oorgeneem. Daarna volg sy kort lewensloop en opsomming van onderskeidings.

C. de Jong, redakteur

Jan Ploeger is op 18 Februarie 1913 in Nederland, Noordbroek in die provinsie Groningen, gebore waar hy van 1925 tot 1928 die Rijks Hogere Burgerschool besoek en hom van 1928 tot 1932 voltyds en van 1932 tot 1934 deeltyd aan die Rijkskweekschool voor Onderwijzers bekwaam om geskiedenis op skool te onderrig. In 1936 emigreer hy na Suid-Afrika, skryf hom in by die Universiteit van Pretoria en behaal in 1937 die graad BA met hoofvakke Afrikaans, Afrikaans-Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Geskiedenis met lof. In 1940 verwerf hy die MA-graad in Geskiedenis (onderskeiding) met 'n dissertasie oor "Ulrich Gerhard Lauts (1787-1865), die skakel tussen Nederland en die Voortrekkers", wat in 1940 in "Historiese Studies" gepubliseer word. In 1943 verwerf hy die MED-graad op grond van 'n verhandeling oor die oorsprong en grondbegin-sels van die Christelike Nasionale Onderwys (CNO). In 1945 word die DPhil-graad aan hom toegeken vir sy proefskrif "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881-1900", gepubliseer in die "Argiefjaarboek 1952".

Dr Ploeger het in Nederland as laerskoolonderwyser diens gelewer en sy loopbaan in sy aangenome vaderland in 1938 begin toe hy een semester as tydelike lektor in die Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria

opgetree het; in 1938 tree hy in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement en gee sekondêre onderrig aan die Rustenburgse en Nylstroomse hoërskole. In 1941 tot 1946 dien hy as tydelike lektor in Geskiedenis en Nederlandse kultuurgeschiedenis aan genoemde Universiteit en tree daarna as joernalis by "Die Volkstem" op; in 1950 keer hy terug tot die onderwys en lewer vier jaar lank diens aan die Pretoriase High School for Boys, waarna sewe jaar volg aan die Hillview High School met Afrikaans en Geskiedenis as vakke. In 1962 word dr. Ploeger na die Departement Werke gesekondeer en skryf die geskiedenis van Over-Vaal, die Administrateurswoning. In 1964 aanvaar hy diens by die Departement Verdediging se Dokumentasiesentrum en word later kolonel. In 1973 het hy op 60-jarige ouderdom afgetree maar aanvaar in 1973 'n aanstelling as staatshistorikus met opdrag om die lotgevalle van burgerlikes tydens die Tweede Vryheidsoorlog te boekstaaf, 'n projek waaraan hy 10 jaar werk, tot hy op 70-jarige ouderdom vir die tweede keer afgetree het.

Die skrywer se liefde vir kultuurgeschiedenis het in Groningen ontstaan waar die gesin gewoon het in 'n gebied wat van die see herwin is. Daarin is kleipotte gevind wat uit die 7de eeu VC dateer. Ook die nabyheid van 'n vroeg 14de-eeuse Romaans-Gotiese dorpskerk het sy belangstelling geprinkel. In Suid-Afrika het proff. S.P. Engelbrecht, I.D. Bosman en M. Bokhorst sy aandag op die betrekkinge tussen Nederland en sy nuwe vaderland gevvestig, en het kultuurhistoriese betrekkinge in die tydperk van die Groot Trek tot ongeveer 1910 met Transvaal as swaartepunt, 'n nuwe veld vir sy onderzoek geword. Namate hy ouer geword het, het hy dit as sy vernaamste taak gesien om kort, maar deeglik gefundeerde populêr-wetenskaplike bydraes oor kultuurhistoriese temas te publiseer met die oog op verspreiding van kennis wat die gewone mens die idee moes bybring dat Geskiedenis die grondslag van 'n doelgerigte volksbestaan vorm - veral in 'n tyd waarin die historiese besef aan die taan was. Dr. Ploeger is oortuig dat die historikus kultuurgeschiedenis as 'n noodsaklike opleidingsrigting moet beskou omdat dit sy veld van onderzoek verbreed en hom voeling met sy lesers laat behou. Geskiedenis mag nie in 'n ivoortoring beoefen word nie, maar moet die massas bereik, waartoe tydskrifte 'n belangrike bydrae lewer. Hy hou van besonderhede, pluis sy temas uit en stel objektiwiteit en onpartydigheid as 'n hoë prioriteit.

Dr. Ploeger het 'n enorm wye terrein op die gebied van die kultuurgeschiedenis in 'n ewe wye reeks tydskrifte bestryk - om byvoorbeeld aan "Historia", "Militaria", "Africana-Aantekeninge en Nuus", "Zuid-Afrika", "Nieuws uit Zuid-Afrika" en "Pretoriania" te dink. Met sy aankoms in Transvaal het hy hom geïnteresseer vir die leefwyse en bydrae van die vroeë Nederlandse immigrante tot die Afrikaner se kultuur. Hy het sowat 4000 items uit sy geskrifte aan die Letterkundige Museum in Bloemfontein geskenk. Naas sy genoemde dissertasies het hy in 1943 'n boek oor "Prins Willem van Oranje, vader van die Nederlandse Vryheid" uitgebring, Paul Kruger se "Gedenkskrifte" in 1947 in Afrikaans gepubliseer, en in

dieselfde jaar bydraes oor o.a. Nederlandse figure soos E.J.P. Jorriissen, U.G. Lauts, N. Mansvelt, D. Postma, Erasmus Smit, Jacobus Stuart, D. van der Hoff en G. Beelaerts van Blokland in 'n boek, "Suid-Afrikaanse Heldegallery", uitgebring. Saam met dr. Anna Smith was hy redakteur van 'n "Plate-atlas van die Geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika" (1949) en skryf in 1960 die "Geskiedenis van die Uitgewery Wallachs Beperk, 1873-1960" met "Die Volkstem" as sentrum. In 1963 volg "Over-Vaal, die geskiedenis van 'n ampswoning", wat in opdrag van die Transvaalse Proviniale Administrasie gepubliseer is. As staatshistorikus het dr. Ploeger drie bande oor die burgerlike aspek van die Tweede Vryheidsoorlog gelewer waarvan die eerste in 1985 verskyn het. Hierbenewens het hy 'n afsonderlike geskiedenis van elke blanke konsentrasiekamp opgestel asook vir die eerste keer dié van swart konsentrasiekampe, manuskripte waarin op die lewenswyse, ervaringe en moreel van mense in gevangeskap gekonsentreer word. Hierdie studies bring onbekende aspekte van die Anglo-Boere-oorlog onder die aandag wat ons beeld van die tema gaan verander.

Dr. Ploeger het in die besture van talle kulturele organisasies gedien, o.a. as redakteur van die "Bulletin" van die Stigting Simon van der Stel en "Militaria" opgetree en in talle ander redaksies gedien. Hy was lid van die S.A. Raad van Oorlogsgraafte en lid van die Stigting Jan van Riebeeck. Hy het in 1974 die medalje, beskikbaar gestel deur die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV), ontvang en in 1975 'n silwer penning van die Stigting Simon van der Stel. Hy het in 1962 lid geword van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden en in 1966 volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns op grond van "sy belangrike werk ... aan die uitbouing van die Afrikanersaak". Hy is lid van die Historisch Genootschap te Utrecht en erelid van die Genootskap Oud-Pretoria van wie se tydskrif "Pretoriania" hy ook as redakteur opgetree het.

Dr. Ploeger se bydrae tot die kultuurgeskiedenis is indrukwekkend. Dit was merendeels in die vorm van etlike duisende artikels wat minder opsigtelik as boeke is. Deur sy komste na Suid-Afrika en sy aansluiting by die Afrikaanse kultuur het hy ons geesteslewe op 'n voorbeeldige wyse verryk.

CURRICULUM VITAE: JAN PLOEGER

Gebore: 18 Februarie 1913

Geboorteland en plek: Nederland, Noordbroek, Prov. Groningen

Onderwys ontvang in Nederland:

- (a) Laer onderwys: Sewe jaar: 1918-1925
- (b) Rijks Hogere Burgerschool 1925-1928
- (c) Rijkskweekschool voor Onderwijzers: 1928-1932 (Voltyds)
- (d) Rijkskweekschool voor Onderwijzers: 1932-1934 (Deeltyds)

Bevoegdhede:

1932: Akte als onderwijzer

1934: Akte als hoofonderwijzer

Talekennis: Nederlands, Frans, Duits, Engels (op grond van studie en verblyf in Europa tot 1936).

Studie in die Unie (Republiek) van Suid-Afrika

Universiteit van Pretoria:

1936 Vrystelling BA I: Afrikaans I, Kultuurgeskiedenis I, Geskiedenis I.

Kursusse gevolg: Afrikaans II, Kultuurgeskiedenis II, Geskiedenis II, Estetiek I, Sielkunde I

1937 Derde jaar BA vakke: Afrikaans III, Kultuurgeskiedenis III, Geskiedenis III (met lof), Frans I.

1938-1940 Kursus gevolg vir die MA-graad, hoofvak Geskiedenis

1940 MA-graad met lof toegeken

1939-1943 Studie vir die MEd-graad.

1943 MEd-graad toegeken, o.m. op grond van 'n studie (histories-opvoedkundig) oor die oorsprong van die grondbeginsels aangaande Christelik Nasionale Onderwijs (C.N.O.).

1945 DPhil-graad verwerf aan UP o.m. op grond van proefskrif: "Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansveld 1881-1900". (Gepubliseer as Deel I van die "Argiefjaarboek": 1952.)

Byvakke: Geskiedenis van onderwys in Suid-Afrika in die negentiende eeu; Historiografie

Onderwyservaring

A: In Nederland, Onderwyser: Laer- en herhalingsonderwys

B: In Suid-Afrika

- 1938 Een semester tydelike lektor in Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.
- 1939 In diens van die Transvaalse Onderwysdepartement, o.m. as tydelike onderwyser aan die Rustenburgse Hoërskool, Rustenburg (1939) en die Nylstroomse Hoërskool, Nylstroom (1940).
- 1941 Aangestel as tydelike lektor aan die Universiteit van Pretoria vir die duur van die oorlog. Lektoraat: Geskiedenis. Aangestel as tydelike lektor in Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan dieselfde Universiteit en as onderdirekteur van die Nederlandse Kultuurhistoriese Instituut aan die reeds genoemde universiteit. Plaasvervanger vir mnr. J.A.I. Agar Hamilton en prof. Dr. M. Bokhorst. Kursusse gegee aan BA- en MA-studente.
- 1942 Een semester tydelike lektor in Geskiedenis van Onderwys tydens die verlof van prof. J.C. Bosman vir HOD-studente.
- 1946 (Julie) - Einde van tydelike werksaamhede aan genoemde universiteit.
- 1946-1949 Werksaam as joernalis by "Die Volkstem", Pretoria.
- 1950 Terug in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement. en
- 1951 Werksaam as senior onderwyser (Afrikaans) aan die "Pretoria Indian Boys' School" - vaste aanstelling.
- 1952-1955 Werksaam as onderwyser (Afrikaans, Geskiedenis) aan die "Pretoria High School for Boys" - vaste aanstelling.
- 1956-1962 Werksaam as senior onderwyser (Afrikaans, Geskiedenis) aan die "Hillview High School", Pretoria. Hoof van die onderrig in die vakke Afrikaans en Geskiedenis.
- 1962 Gesecondeer na Departement van Werke - Provinciale Administrasie. Geskiedkundige beskrywing van die Administrateurswoning "Overval".
- Eind 1963 Terug na Hillview High School na voltooiing van bogenoemde.
- 1964 Aangestel by Dept. van Verdediging, Afdeling Dokumentasiëdiens.
- 1973 Tree af op 60-jarige ouderdom as kolonel, senior stafoffisier Argief en Navorsing
- Julie 1973 Aangestel as Staatshistorikus in die plek van dr. Mouton, om die lotgevalle van die burgerlikes in die Tweede Vryheidsoorlog te boekstaaf.
- Feb. 1983 Tree weer af op 70-jarige ouderdom en besig in 'n tydelike hoedanigheid met bogenoemde boekstowing.

Aanvullende gegewens

1. Eerste hoofredakteur "Bulletin" Stigting Simon van der Stel, sedert ontstaan - uitgetree.
2. Raadslid (ampshalwe, verteenwoordiger S.A. Weermag) "Suid-Afrikaanse Oorlogsgeschiedenis Adviserende Komitee (Johannesburg) - uitgetree.
3. Raadslid Suid-Afrikaanse Raad van Oorlogsgraftes (nie ampshalwe nie) - uitgetree.
4. Redaksielid en eerste redakteur "Militaria" - uitgetree.
5. Lid Redaksieraad Gedenkboek Suid-Afrikaanse Lugmag (1970)en een van die amptelike navorsers.
6. Raadslid: Stigting Jan van Riebeeck (SA) - uitgetree.
7. Eksterne eksaminator en medestudieleier (1970). Proefskrifte (DPhil) 4 Verhandelings (MA) 2.
8. Verteenwoordiger en erelidmaatskap (een van 5 lede) Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1800 (1962-1978).
9. Erelid "Genootskap Oud-Pretoria"

1970 - ontvang "Kommandant-Generaal se Aanprysing" ("Commandant General Commendation for Service of a High Order").

Pleknaamwerksaamhede, o.m. mil.-historiese naamgewing Voortrekkerhoogte, aan geboue, strate en basisse in RSA en SWA.

Amptelike militêre geskiedskrywing in SAW begin. Memorandum: Proklamering Verdedigingshoofkwartier, Potgieterstraat, Pretoria, en aangrensende geboue (Artillerieweg) wat tot proklamering gelei het.

1973 - Lewenslid - Bond van Oudstudente (UP).

1974 - Van Riebeeck-medalje, beskikbaar gestel deur Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) Amsterdam, ontvang vir werksaamhede verrig i.v.m. kulturele samewerking Nederland - Suid-Afrika.

Opmerking

Bydraes vir "Latern", "Africana Aantekeninge en Nuus", "Nieuws uit Zuid-Afrika" en "Pretorian" - nie volledig gelys nie. (Die Staatsbiblioek (Dr.P.J.Lor) behoort hier te kan help).

Toekenning

1975 Silwer penning van verdienste "Stigting Simon van der Stel" (Pretoria).

1985 Erepenning vir kultuurgeschiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

VIII

1991 Goue erepenning van die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika)

1992 D.F. du Toit Malherbe-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

1992 Sertifikaat van waardering van die Direkteur van die Dokumentasiesentrum en Openbare Betrekkinge van die Suid-Afrikaanse Weermag.

1992 Erelidmaatskap van die Naamkundevereniging van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Medewerker van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Hy en Willem het met ander burgers in Junie 1902 by die plaas Leeukraal in die distrik Standerton oorgegee. Na bewering het Pieter soos ander burgers sy Mausergeweer (waarvoor origens geen patronen meer was nie) en sy buitgemaakte Lee-Metfordgeweer stukkend geslaan pleks van dit aan die Britte af te gee. Hy het op 26 Junie 1902 'n sertifikaat vir troue kommandodiens ontvang; dit is onderteken deur kommandant-generaal Louis Botha en assistent-kommandant-generaal C.J. Brits.¹⁵⁾

Pieter het voor die oorlog lesse van dosente van die Staatsgymnasium in die Staatsmodelschool te Pretoria ontvang, vermoedelik omdat die geriewe in die Staatsgymnasiumgebou ontoereikend was.

Toe hy op kommando gaan, het hy sy studieboeke en sertifikate agtergelaat op die solder van die Staatsmodelskool - geen veilige plek nie, maar blykbaar die beste wat hy in Pretoria kon vind. Tydens die oorlog het die skoolgebou as gevangenis vir Britse krygsgevange offisiere en na die besetting van die stad as kantoor van die Britse militêre administrasie gedien. maar by sy terugkeer het Pieter tot sy aangename verrassing sy boeke en papiere ongeskonde op die solder teruggevind.

Hy het sy voorneme om vir predikant te studeer in Nederland gaan verwerklik en daarheen nog in 1902 vertrek. Hy het voor sy vertrek in aanraking met ds. Jacobus van Belkum gekom. Hierdie kerkleier het hom waarskynlik aangespoor om sy voorneme uit te voer en voortaan sy mentor geword.

Ds. Jac. van Belkum¹⁶

Jacobus van Belkum was 'n Fries, gebore te Leeuwarden in Friesland in 1851 en oorlede te Johannesburg in 1933. Hy en sy broer Pieter was al vroeg wese en is opgevoed in die Oud-Burgerweeshuis te Leeuwarden. Hy voltooi in 1876 sy teologiese studie in die Rijksuniversiteit te Utrecht en word Nederduits Hervormde predikant te Varik,¹⁷⁾ Steenwijk en Zierikzee, gemeentes met 'n meerderheid van uitgesproke regssinnige Protestante. Hy was 'n besonder bekwame geestelike.

Die amp van geestelike, dus ook van predikant, het net soos sommige ander beroepe, drie aspekte of funksies. Die eerste is die predikamp, dit is die verkondiging van God se Woord en die uitleg van die Heilige Skrif; daarby is die akademiese sy van die amp, soos kennis van teologie, wysbegeerte en tale, van groot voordeel. Die tweede funksie is dié van sieleherder of pastor, soos dit in Latyn heet, vroeér "Ziekentrooster" genoem; dit is die vertroosting en bemoediging van gemeenteledere individueel in hul geestelike node; hierby sluit die evangelisasie en sending onder andersgelowiges en kategese nou aan. Die derde funksie is die stigting en organisasie van gemeentes, bou van kerke en kerkskole en finansiering van gemeenteprojekte. Die toepassing van die kerkreg sluit aan by die derde funksie.¹⁸⁾

Ds. Van Belkum het as 'n ware kerkleier uitgeblink in al drie aspekte van sy amp. Die geskiedskrywer van Marico-Zeerust, Dr. H.M. Rex, berig oor hom (p.215): "As doctorandus

in die teologie was hy teologies deeglik onderlê en het hy oor 'n goeie kennis van die Kerkreg beskik. Ds. Van Belkum was 'n vaardige skrywer, harde werker, pligsgetrou, 'n oortuigde stryder en verdediger van die Afrikaans-Hollandse streeue en daarby iemand met 'n diepe geloofsoortuiging en van blanke opregtheid."

Hy was reeds vroeg lid van provinsiale kerkvergaderinge en van die nasionale sinode van sy kerk. Die saakgelastigde van die ZAR in Nederland, Jonkheer G. Beelaerts van Blokland, het hom in 1893 gevra om 'n beroep na die Nederduits Hervormde gemeentes Rustenburg en Zeerust aan te neem. Hy was in 1891-93 predikant van dié gemeentes, daarna van 1893 tot 1903 leraar te Rustenburg alleen, en van 1903 tot sy emeritaat in 1927 predikant te Heidelberg in Transvaal. Op sy werkzaamhede in Zeerust sal ek hieronder terugkom. Sy uitgesproke geaardheid was gekant teen die samesmelting van die Nederduits Hervormde en die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat in 1885 plaasgevind het, in teenstelling tot sy kollega, ds. Nicolaas van Warmelo, Nederduits Hervormd, ook gebore Nederlander en voor hom leraar te Heidelberg. Van Belkum was die sterkste dryfkrag vir die herstel van die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal.

Toe hy in Transvaal aankom, was die Nederduits Hervormde Kerk in die nawee van die tweede Kerkafskeiding. Die eerste Kerkafskeiding was in 1853 onder leiding van ds. Dirk van der Hoff uit Nederland. Die Nederduits Gereformeerdes in Transvaal het hulle toe afgeskei van die gelyknamige kerk in die Kaapkolonie en hulle die Nederduits Hervormde Kerk genoem. Dit is tot Staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR, Transvaal) verklaar. Die aanleiding vir die afskeiding was: (a) die Skots-Presbiteriaanse en piëtistiese invloede in die kerk in die Kaapkolonie wat afgewyk het van die Nederlands-Calvinistiese aard, (b) die awysing van die Groot Trek deur die kerk in die Kaapkolonie en die weiering om Nederduits Gereformeerde predikante met die Voortrekkers saam te stuur, sodat die Voortrekkers sendelinge en leraars uit Nederland moes beroep. Die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaapkolonie wou die Nederduits Hervormde Kerk nie erken nie.

In 1885 het die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Nederduits Hervormde Kerk saamgesmelt. Van Nederduits Hervormde kant was ds. Nicolaas van Warmelo uit Nederland die grootste stukrag. Maar ongeveer twee-derdes van die Nederduits Hervormde lidmate het die Kerkvereniging afgewys en die herstelde Nederduits Hervormde Kerk gestig. Die grootste stukrag agter die kerkherstel was di. Jac van Belkum en M.J. Goddefroy, beide uit Nederland en sterk persoonlikhede.¹⁹⁾

Ds. Van Belkum het in die Anglo-Boereoorlog gereeld godsdiensoefeninge vir kommando's te velde gehou totdat die Britte hom in die konsentrasiekamp te Merebank by Durban geïnterneer het. Na die oorlog was hy die mees vooraanstaande persoon in die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal, scriba van die Algemene Kerkvergadering tot 1922 - 'n amp wat hy reeds in 1897 aanvaar het - en medestigter van die Teologiese

Fakulteit verbonde met die Transvaalse Universiteitskollege in 1917, wat Nederduits Hervormde predikante sou oplei. Hy was ook grondlegger van die maandblad "De Hervormer" en van die jaarboek "Almanak van de Nederduitsch Hervormde Kerk". Hy het hom ingespan vir die opheffing van kerk en volk van die Afrikaners in tye toe hulle swaargekry het, soos in die naoorlogse depressie 1903-1910 en die trek van die platteland na die stede.

Hy het Pieter van Drimmelen aangemoedig om vir predikant te studeer en 'n fonds gestig wat Pieter se studie in Nederland gedeeltelik bekostig het, op voorwaarde dat Pieter Nederduits Hervormde leraar in Suid-Afrika sou word. Hoewel reeds in 1903 Suid-Afrika deur 'n diep en langdurige ekonomiese depressie getref is, het die fonds van die Algemene kerkvergadering te Pretoria die geld gekry om Pieter by sy studie te ondersteun.

Studie en huwelik

Pieter het in die tweede helfte van 1902 in Nederland aangekom, sy familie in Rotterdam besoek en daarna in Utrecht as student ingeskryf. Die "Taalfonds tot behoud en bevordering van het Hollandsch als volkstaal in Zuid-Afrika", een van die stigtings van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging te Amsterdam, het hom 'n studiebeurs van £50 per jaar toegeken. Hy het besonder vlytig gestudeer, op 4 April 1903, dus binne 'n jaar, die propaedeuse-eksamen afgelê en op 28 September 1905 die kandidaatseksamen. Sy professore in die teologie was J.J.P. Valeton, J.M.S. Baljon, S.D. van Veen, H. Visscher, T. Cannegieter en F.E. Daubanton. Sy professore in lettere (met name tale) was Houtsma, Muller en Van der Wijck.²⁰ Hy het op 8 November 1906 sy proponentseksamen by die Provinciale Kerkbestuur van Noord-Brabant en Limburg afgelê en was toe beroepbaar.²¹

Hy het saam met ander buitelandse studente somtyds op Sondagmiddae gekuier by twee gasvrye dames in Utrecht en daar 'n niggie van haar ontmoet. Sy was Maria Elizabetha Gastmann, enigste dogter en tweede kind van regterpresident Albert L.E. Gastmann, gestasioneer in Makassar op Celebes (Sulawesi) in Oos-Indië, en Lucie Louise Jacqueline Scherer. Mevrou Gastmann is by die geboorte van haar derde kind in Oos-Indië oorlede en in Nederland begrawe. Albert Gastmann het met drie jong kinders na Nederland teruggegaan en is daar hertrou met Quirine Magtilda Wichers, eertyds hofdame en later vriendin van koningin Emma, regentes vir haar dogter kroonprinses Wilhelmina in 1890-1898. Quirine was 'n baie liefderyke stiefmoeder, maar Maria Elizabetha het nie gehou van die stywe atmosfeer by besoeke aan koningin Emma wat toe geen regentes meer was nie. Sy en Pieter was albei in Oos-Indië gebore, dus Indiese Nederlanders. Dit het beteken dat daar 'n besondere band tussen hulle bestaan en dat hulle albei los van Nederland was en sonder beswaar wou emigreer. Hulle het hulle verloof en is op 16 November 1906, agt dae na Pieter se proponentseksamen, in die Kloosterkerk in Den Haag getroud.²² Dit was 'n veelbelowende huwelik van twee jong, begaafde

mense.

Omstreeks dié datum het hy via ds. Van Belkum 'n beroep na die gemeente Marico-Zeerust in Wes-Transvaal ontvang. Die dorp Zeerust, hoofdorp van die distrik Marico, het ontstaan op 'n plaas wat deur die Voortrekker Riekert gevestig is. Dit is in 1858 gekoop deur Casper Coetzee en Hazenjacht genoem. Casper is in 1865 oorlede en die plaas is toe gekoop deur sy swaer Diederik Jacobus Coetzee. Hy het daar in 1867 ewe vir dorpstigting verkoop en die dorp Coetzee-Rust - later verkort tot Zeerust - genoem. Dit is in 1880 tot dorp geproklameer.²³⁾

Op 12 Junie 1871 is die gemeente Marico-Zeerust van die Nederduits Hervormde gemeente Potchefstroom afgestig. Tot 1875 het die nuwe gemeente geen eie, vaste leraar gehad nie en is hy periodiek deur predikante van elders as konsulent²⁴⁾ besoek, onder andere deur ds. Dirk van der Hoff, stigter en leier van die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal. Die eerste vaste predikant in Marico was ds. Jan Christiaan de Vries, gebore te Worcester, van 1875 tot 1884. In 1885 het die Nederduits Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk saamgesmelt. Marico-Zeerust was een van die gemeentes wat nie saamgesmelt het nie en wat die herstelde Nederduits Hervormde Kerk gestig het. Tot 1891 het die gemeente weer geen vaste leraar gehad nie en meermale besoek van ds. M.J. Goddefroy, leier van die herstelde Nederduits Hervormde Kerk, ontvang. Op raad van G. Beelaerts van Blokland, saakgelastigde van die ZAR in Europa, het die gemeentes Rustenburg en Marico saam ds. Jac. van Belkum te Zierikzee beroep. Hy het met sy gesin in 1891 op Zeerust aangekom en is deur ds. Goddefroy in sy amp bevestig. Hy het tot 1898 vrugbare werk verrig en toe 'n beroep na Rustenburg as enigste gemeente aanvaar. Ds. J. Beyer uit Nederland het toe leraar op Zeerust en Lichtenburg saam geword. Hy was 'n seun van 'n gesiene predikant in Nederland en het van Eemnes-Binnen, 'n baie regssinnige gemeente by Utrecht, gekom. Weens slegte gesondheid van sy eggenote het hy reeds na sewe maande 'n beroep na Pretoria en Standerton met Standerton as staanplek aange-neem.²⁵⁾

Daarna was Marico-Zeerust weer sonder vaste predikant en het ds. Van Belkum van Rustenburg as konsulent opgetree totdat hy in 1903 'n beroep na Heidelberg in Transvaal aangeneem het. Ds. Andrew Murray van Ventersdorp het toe as konsulent opgetree, maar groot geskille gekry met Johannes Cornelis Coetzee. Hy was 'n seun van Casper Coetzee, bygenaam "Oom Hansie Meerkat", patriargale ouerling met groot invloed van 1880 tot sy dood in 1933 en destyds ondervorsitter van die kerkraad. Ds. Murray het as konsulent bedank en ds. Van Belkum, destyds te Heidelberg, het die taak weer op hom geneem.²⁶⁾ Die toestand in die gemeente het veel te wense oorgelaat. Rex berig daaroor (p.259): "Daarby was die finansiële toestand van die gemeente swak, die eensgesindheid het ontbreek, die gemeente het sienderoë verarm en daar is gevoel dat daar geen seën gerus het op die talle beroepe wat tevergeefs uitgebring is nie." Weens hierdie toestand en die

oorheersende plek wat oom Hansie ingeneem het, is dit verstaanbaar dat verskeie predikante die beroep na Marico afgewys het.

In 1890-99 was Wes-Transvaal waar Marico geleë is, 'n egte landbougebied wat in opkoms was. Die wending het gekom deur die runderpes en die oorlog. Die runderpes het beeste in 1896 afgemaai, maar ook daarna talle slagoffers geëis. Die staatkundige onsekerheid tussen die inval deur Jameson in 1896 en die oorlog in 1899 het talle boere van investerings weerhou. Tydens die oorlog het Britse militêre die meeste plase verwoes en die vee doodgemaak. Na die oorlog het veesiektes en droogtes die boere gekwel en die algemene verarming in die voormalige republieke het 'n diep depressie van 1903 tot 1910 veroorsaak. Marico het ruimskoots in al die teenspoede gedeel.

Die kerklike lewe in die voormalige Boererepublieke was tydens die oorlog geheel ontwrig en lamgelé omdat talle kerkliedmate,veral kerkraadslede, afwesig was, op kommando of in kampe in Suid-Afrika of oorsee. Die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal was in 'n nog ongunstiger toestand as die twee susterskerke, die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk, omdat hy na sy tweede afskeiding weg van die Nederduits Gereformeerde Kerk in 1885 nog volop met sy herstel besig was, toe die oorlog in 1899 uitbreek. Ook na die oorlog het die Nederduits Hervormde Kerk nog talle jare moeite ondervind om 'n lewenskragtige geloofsgemeenskap met hegte organisasie te word.

Volgens die advies van ds. Van Belkum het die kerkraad van Marico in November 1906 die nuwe proponent Pieter van Drimmelen in Nederland beroep. Hy het op 8 November die proponentseksamen afgelé, op 16 November getrou en op 26 November - miskien telegrafies - die beroep uit Zeerust ontvang. Hy het ds. Van Belkum geskryf dat hy graag 'n beroep na Standerton, Trichardtsfontein of Bronkhorstspruit sou aanneem, omdat hy daar tydens die oorlog vriende gemaak het, maar dat hy bereid was om daar te werk waar die behoefté die grootste was en waar God hom sou roep, het hy bygevoeg. Hy het in Nederland ongunstige berigte oor Marico ontvang en ds. Van Belkum geantwoord dat hy sou kom, maar eers na kennismaking met die distrik sou beslis of hy die beroep aanvaar. Hy het bowendien verneem dat die pastorie, huis en tuin, baie verwaarloos was en lê in 'n dorpsgebied met strawwe koors.²⁷⁾ Die kerkraad te Zeerust het in November 1906 besluit om hom £400,00 salaris per jaar, waarvan £100,00 as reiskoste voorgeskiet, aan te bied. Na 'n tender van £80,00 is aan ouderling J.C. Coetze opgedra om noodsaklike opknappingswerk in die pastorie te laat verrig.²⁸⁾

Pieter en Maria se wittebroodsreis het deur Switserland en Italië na Napels gegaan. Hulle het hulle daar ingeskeep op die stoomskip 'Prinz Regent' van die Deutsche Ost-Afrika Linie en op 24 Desember 1906 in Lourenço Marques aangekom. Hulle het per trein na Pretoria gereis en is daar op die 26ste verwelkom deur Pieter se broer Willem en professor P.J. Muller, Nederduits Hervormde predikant in Pretoria en van

Nederlandse herkoms. Hulle het 'n paar dae by ds. Van Belkum in Heidelberg uitgerus en is ongetwyfeld deur hom uitvoerig ingelig en bepraat. Hulle het op 22 Januarie 1907 in Zeerust aangekom en is besonder hartlik ontvang. Ouderling J.C. Coetzee het uit sy pad gegaan om hulle tegemoet te kom.

Na sy eerste preek op die eersvolgende Sondag het Pieter aan ds. Van Belkum laat weet dat hy die beroep aanvaar. Hy het blykbaar veel simpatie vir die gemeente in Zeerust opgevat. Andersyds mag ons aanneem dat die knap, ernstige en innig godsdiensstige Pieter met sy reputasie van Bittereinder en sy intelligente eggenote 'n heel goeie indruk op die behoudende pioniergrensbevolking van Marico gemaak het.

Ds. Van Belkum het as konsulent van Marico Pieter as predikant op Saterdag 9 Maart 1907 bevestig. Hy en ekskonsulent Andrew Murray het hom die hand opgelê. Ds. Van Belkum se Bybelteks was Mattheüs 13 vers 3: "Ziet, een zaaier ging uit om te zaaien." Pieter het op die dag sy intreepreek gehou oor die teks Johannes 17 vers een, Jesus se woorde: "Vader, de ure is gekomen en verheerlike Uwen Zoon, opdat ook Uw Zoon U verheerlike."²⁹⁾

Ds. Van Belkum het in sy nekrologie van sy geliefde jongere kollega Pieter die volgende woorde geskryf: "Veel gaven om te preken had hij niet, maar hij was een ijverige werker, een trouw herder, een vurig Kristen."³⁰⁾ In terme van die drie funksies van die predikamp vind Van Belkum hom 'n slegs matige prediker, 'n toegegewe sieleherder en 'n uitstekende organisator, soos die leser hierna sal opmerk.

Ds. Pieter van Drimmelen in Marico-Zeerust

H.M. Rex gee in sy geskiedenis van die Nederduits Hervormde gemeente Zeerust 'n uitvoerige opsomming van ds. Van Drimmelen se uitgebreide werk in die gemeente. Daaruit is die volgende samenvatting van ds. Van Drimmelen se werkzaamhede oorgeneem.³¹⁾

- (1) Bevordering van die nogal verwaarloosde geesteslewe deur uitgebreide kategese, Sondagskool, huisbesoek, buitedienste (kerkdienste buite die dorp) en herstel van die jaarlikse viering van Geloftedag ter ere van die Voortrekkers op 16 Desember.
- (2) Sanering van die gemeente se finansies. Die toestand daarvan het groot bekommernis gewek, omdat talle lidmate geldelik min bygedra het weens die oorlogskade in 1899-1902, die lang depressie 1903-1910, swak landboutestande en die gemis van 'n vaste leraar. Die lidmate het die kerkraad onvoldoende gesteun. Ds. Van Drimmelen en die kerkraad het die lidmate se belangstelling opgewek en hul bydraes het ruimer ingekom. Verkopings en basaars is vanaf 1907 meermale gehou om ekstra-inkomste te ontvang, maar die basaars het na enkele jare kritiek ondervind en is gestaak. 'n Finansiële kommissie het inkomste en uitgawes in ewewig gebring en aldus die finansies gesaneer. Die bekwame leiers van die kommissie was Charlie Hamm, tesourier van die munisipaliteit

zeerust, wat ouderling J.C. Coetzee in Julie 1907 as finansiële stukrag opgevolg het, Willem van Drimmelen, broer van ds. Pieter, onderwyser, wat in Oktober 1908 van mnr. Hamm oorgeneem het, en A.J. Joubert wat in Oktober 1909 van Willem oorgeneem het.

- (3) Aandag vir die erediens: ds. Pieter het die gemeente 'n groot Statebybel met koperslotte geskenk en 'n nuwe Nagmaalservies van silwer verkry, nadat die servies wat in 1892 verwerf is, tydens die oorlog verdwyn het. Deur bemiddeling van ds. L.E. Brandt is 'n Nagmaalstel deur geloofsgenote in Nederland aan Marico geskenk en op 5 Junie 1908 plegtig in gebruik geneem.
- (4) Vernuwing van die kerkgebou: Die kerk wat in die jare '80 gebou is, het ernstige gebreke getoon. Afbreek daarvan is oorweeg, maar die regering van die kolonie Transvaal het geen geld vir 'n nuwe kerk beskikbaar gestel nie en ds. Van Belkum het afbraak afgeraai en vernuwing aanbeveel. Die houtvloer is vervang, 'n plafon is aangebring, nuwe kerksanke is geplaas en nuwe lampe het die verligting verbeter. Oud-ouderling J.J. Joubert het 'n orrel en twee musiekboeke geskenk.
- (5) Afstigting van gemeentes: Die gemeente Marico-Zeerust was baie uitgestrek. Daarom is in 1910 'n nuwe gemeente in die distrik Mafeking en Vryburg en in 1912 'n nuwe gemeente op Zwartruggens gestig.
- (6) Studiefonds vir opleiding van Nederduits Hervormde onderwysers en predikante: ds. Van Belkum het 'n fonds vir behoeftige studente gestig met medewerking van ds. Van Drimmelen wat in sy gemeente meermale kollektes vir die fonds gehou het. Hy was immers self 'n student wie se studiegeld uit 'n kerklike fonds betaal is.
- (7) Skriftelike bydraes van ds. Pieter aan die kerkblad "De Hervormer" en die jaarlike "Almanak", twee periodieke publikasies wat deur ds. Van Belkum ingestel is. Ds. Van Drimmelen kon van jongs af vlot stel en skryf, maar daar is min publikasies van hom bekend.

Sy bedrywigheid op kerklike gebied was groot en veel-sydig, maar van een aspek daarvan verneem ons niks nie. Dit lyk of hy min of geen aandag aan sendingswerk onder gekleurdes gegee het nie. Vermoedelik het sy kerkraad daarvoor min belangstelling gehad. In hierdie verband is kenmerkend dat die kerkraad in April 1913 besluit het om geen "Syriërs" - dit is vermoedelik Libanese - tot godsdiensoefeninge toe te laat nie, hoewel hulle van die Fenisiërs afstam, blank is en van huis uit Christen - Grieks of Rooms-Katolieke - is, en hoewel die regering hulle as "witmense" erken het.³²⁾

Ds. Van Drimmelen het ook aandag aan buitekerklike sake gegee.

- (8) Skoolonderwys: Hy was oudonderwyser en die skoolonderrig

het hom altyd na aan die hart gelê. Kort na die oorlog het Afrikaners private laerskole vir Christelik Nasionaal Onderwijs (CNO) gestig as teenwig teen die op Britse voet georganiseerde openbare onderwys. Die CNO het voortgebou op die onderwys tydens die ZAR en is geldelik ruim vanuit Nederland gesteun. CNO-skole is onder toesig van ds. Van Drimmelen, ouderling J.C. Coetzee en die kerkraad in die distrik Marico gestig en onder toesig gehou, ook nadat die Transvaalse regering in 1907 die CNO-skole oorgeneem het. Dominee en kerkraad het jong Afrikaners aangemoedig om 'n loopbaan in die polisie, die weermag of verpleging te kies.

- (9) Spin- en weefwerk: Net soos in ander dorpe na die oorlog is onder invloed van die filantropiese strewe van die Engelse dame Emily Hobhouse op Zeerust vroue kostelos in spin- en weefwerk opgelei. Die inrigting is in 1911 in J.C. Coetzee se woning gevestig en het artikels soos reiskomberse, tjalias en kleedjies vervaardig en verkoop om geld vir die gemeente in te samel. Ds Van Drimmelen het blybaar selfs met oom Hansie goed saamgewerk...

In Oktober 1914 het in die voormalige Boererepublieke die Rebelleie of Gewapende Protes teen die deelname van die Unie van Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van Groot-Brittanje uitgebreek. Die uiteindelike doel van die Rebelleleiers was die herstel van die Boererepublieke. Die Rebelleie het drie maande geduur en net soos in die oorlog 1899-1902 groot beroering en verdeeldheid onder die Afrikaners veroorsaak. Ds. Van Drimmelen het as 'n oortuigde Afrikaner-nasionalis en Bittereinder bekend gestaan. Daar was dan ook gerugte oor sy simpatie met die Rebelleie. Die gerugte was ongegrond, hy het hom streng afsydig gehou. Sommige het beweer dat sy fiets by die voorhek en 'n gesaalde perd by die agterhek van die pastorie gereed gestaan het sodat hy kon vlug indien die regering hom wou laat arresteer. Daar is ook 'n anekdote wat sy sin vir humor toon. 'n Jong kategisant, Joggem Botha, het op 'n vroeë môre by die pastorie aangekom en gesê hy kom Dominee se perd vir die regeringstroope kommandeer. Dominee het nie geantwoord dat sy perd reeds gekommandeer was nie, maar 'n speelgoedperdjie van een van sy seuns gehaal en aan Botha as die enigste perd in sy huis aangebied. Botha het swyend weggestap en geen kategeseklas meer bygewoon nie.³³⁾

Ds. Pieter van Drimmelen in Zoutpansberg

Te midde van die beroeringe van die Rebelleie het hy op 2 November 1914 'n beroep uit Zoutpansberg ontvang. Die ampsuitoefening was daar 'n nog groter avontuur as in Marico.

Die Nederduits Hervormde gemeente Zoutpansberg met Pietersburg as hoofdorp het die hele ver Noorde van Transvaal omvat. Die distrik Zoutpansberg was die laaste gebied in Suid-Afrika wat onder blanke heerskappy gebring is. Daar het die "moving frontier", die verskuiwende pioniersgrens, wat vanaf Kaapstad na die Noorde beweeg het, tot stilstand gekom

en hom selfs tydelik, van 1867 tot 1886, teruggetrek, omdat die teendruk van die vyandige swartes en Natuur vir die pioniers te sterk was. Die dorp Zoutpansberg, later Schoemansdal hernoem, is in 1848 gestig deur die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter en sy volgelinge. Die Voortrekkers is gevolg deur natrekkers. Die blankes het hulle gevestig as veeboer en/of jagter en handelaar. Daar was gevaarlike siektes, soos malaria, ngana, veroorsaak deur die tsetsevlieg, en perdesiekte, maar die streek het tot 1860 vooruitgegaan danksy die jag op grootwild en die uitvoer van wildsprodukte, soos ivoor, velle en horings. Maar na 1860 was die wild uitgedun, die jag en uitvoer het afgeneem en die moeilikhede met naburige swart stamme het toegeneem. Daarom is Schoemansdal in 1867 ontruim en terstond deur swartes verwoes.

In die jare '80 het blanke koloniste na die streek teruggekeer, hoewel die bloeityd van die jag verby was. In 1886 het Kommandant-Generaal P.J. Joubert Pietersburg, wat na hom vernoem is, gestig. Die kolonisatie het herbegin, maar die swart stamme het opstandig gebly. Die laaste oorlog teen swartes is in 1898 deur generaal P.J. Joubert in Venda-land gevoer - afgesien van die Bambata-opstand in Natal in 1906.

Die Anglo-Boereoorlog het kort daarna in 1899 begin en ook Noord-Transvaal ontredder. Sommige van die gruwelikste gebeurtenisse in die oorlog het in Noord-Transvaal plaasgevind. Die ekonomiese depressie in 1903-1910 het ook Zoutpansberg swaar getref. Dit lyk of die streek die depressie moeiliker oorwen het as Wes-Transvaal. Die streek is omstreeks 1914 gekwel deur malaria en ander koorse, perdesiekte en bosluiskoors onder beeste.

Die blanke bevolking van Zoutpansberg het nog lank die geestestrekke van 'n pioniersgrensbevolking ver van ontwikkelde streke getoorn. Dié trekke is onrustigheid wat blyk uit veelvuldige verhuisings en 'n onewewigtinge, emosionele gees, geringe eerbied vir die overheid en wette en eiegerigtingheid. Die uiterste gevalle van gebrek aan tug, huweliksontrou en alkoholisme en van innige vroomheid en regskapenheid was in Zoutpansberg sowel voor as na die oorlog talryk.

Die Afrikanerkerke in Zoutpansberg het gedeel in die voor- en teenspoed van die distrik. In 1852 is daar 'n Nederduits Gereformeerde gemeente gestig, in 1854 'n Nederduits Hervormde gemeente deur ds. Dirk van der Hoff en in 1857 'n Gereformeerde gemeente. Van 1863 tot 1867 - die jaar toe Schoemansdal ontruim is - was ds. N.J. van Warmelo uit Nederland daar Nederduits Hervormde predikant. Hy het hier hoogs verdienstelike werk verrig en na sy bevestiging op Heidelberg konsulent van Zoutpansberg tot sy dood in 1892 gebly.³⁴

In 1875-1887 was ds. G.F. Biccard vaste leraar in Zoutpansberg tot sy aftrede in verband met die mislukte kerkvereniging in 1885 en die herstel van die Nederduits Hervormde Kerk in die distrik. Na hom was daar tot 1904 geen vaste predikant nie. Ds. M.J. Goddefroy het toe as konsulent opgetree. In 1904 het ds. Louis Ernst Brandt (1872-1939)

'n beroep na Zoutpansberg en Waterberg aangeneem. Hy was van 'n aristokratiese familie in Nederland en seun van die burgemeester van die ryk, deftige dorp Velp en Rheden by Arnhem. Hy was van 1901 tot 1904 predikant van die dorpie Niezijl in Wes-Groningen en het in 1903 getrou met Johanna, die jongste, begaafde, maar grillige dogter van ds. N.J. van Warmelo. Hy was 'n Afrikanervriend en sy het hom maklik oorreed om die saaie dorp Niezijl te verwissel vir die avontuurlike lewe in die distrik waar haar vader gepionier het in haar geliefde geboorteland Transvaal.

Ds. Brandt was 'n veelsydige, briljante intellektueel en 'n beminlike, vredeliewende mens. Hy het uitgeblink in al drie genoemde funksies van die amp van geestelike en het as voorsitter van die Algemene Vergadering (nasionale sinode) van die Nederduits Hervormde Kerk in 1916-1937 heel veel bygedra tot die herlewing en uitbreiding van die kerk. Op al sy vier standplase is hy egter aanhoudend deur ernstige geldsorge van sy gemeentes gepla.

Hy het in sy gemeentes meestal goed oor die weg gekom met die gewone lidmate van sy eie kerk en ander kerke en met geestelikes van die kerke, uitgesonderd met sommige leraars van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Hy het somtyds moeilikhede van sy kerkraad ondervind, veral dié van Zoutpansberg. Die raad het die openbare optrede van hom en sy eggenote as sangkoorleiers en musiekbeoefenaars afgekeur, sodat hulle dit gestaak het, en hom verkwalik dat hy 'n beroep na Johannesburg aangeneem het nadat die raad vir hom 'n pastorie gekoop het waarop 'n swaar verband was. Ds. Brandt se verhouding tot die kerkraad van Waterberg was veel aangenamer.³⁵⁾

Net soos in Marico is die kerklike lewe in Zoutpansberg tydens die oorlog geheel ontwrig en lamgelê omdat talle lidmate, veral kerkraadslede, afwesig was, op kommando of in kampe in Suid-Afrika of oorsee. Die Nederduits Hervormde gemeente aldaar was in 'n nog ongunstiger toestand as die twee susterkerke, omdat die Kerk na sy tweede afskeidung weg van die Nederduits Gereformeerde Kerk in 1885 nog geheel in sy herstelproses was, toe die oorlog in 1899 uitbreek. Ook na die oorlog het die Kerk nog tientalle jare moeite ondervind om 'n bloeiende gemeenskap te word.

Ds. Brandt het die moeilikhede van 'n dun en verspreide blanke bevolking, groot afstande en gebrek aan berybare paaie ervaar, te meer omdat die meeste Nederduits Hervormdes plattelanders was, buite die dorpe in Noord-Transvaal gevestig. Na sy vertrek het die gemeentes Zoutpansberg en Waterberg tot 1915 geen vaste leraar kon beroep nie. Die gemeente het soortgelyke moeilikhede as die gemeentes van die susterkerke ondervind weens die oorlog en na-oorlogse depressie. Die Gereformeerde Kerk het eers in Januarie 1909 'n voltydse leraar, ds. J.P. van der Walt, gekry; hy was tewens leraar van die gemeente Waterberg van dié Kerk.³⁶⁾

Die beroep van die Nederduits Hervormde Gemeente Zoutpansberg op ds. Van Drimmelen te Zeerust op 2 November 1914 was suksesvol. Hy het geweet van die hierbo beskrewe

amps moeilikhede wat ds. Brandt ervaar het, maar hy het die ampsvervulling aldaar beskou as 'n nuwe uitdaging en opdrag van sy Here. Hy het ds. Van Belkum na die beroep om raad gevra en na dié se aanmoediging die beroep aangeneem. Ook met die oog op ds. Van Drimmelen se werk onder die Angolaboere omstreeks dié tyd lyk dit dat ds. Van Belkum hom beskou het as 'n besonder bekwame "trouble-shooter", dit wil sê oplosser van organisatoriese, geldelike of ander moeilikhede, in casu van noodlydende gemeentes.

Die gemeente Marico-Zeerust het met opregte spyt op 27 Desember 1914 in die kerk te Zeerust afskeid van hom geneem. Sy voorganger in Zoutpansberg, ds. Brandt, het hom reeds op 9 Januarie 1915 op Pietersburg bevestig.

Huislike omstandighede

Mevrou Van Drimmelen het haar eggenoot in sy ampswerk aktief bygestaan, onder meer met haar kennis van boekhou, wat die finansies van die gemeente gebaat het. Op 16 September 1908 is hul eerste kind, Lucie Louise Mathilde, gebore. Mevrou se gesondheid het daarna veel te wense oorgelaat en die volgende kind is eers drie jaar later gebore. Toe ds. Van Drimmelen in 1910 op sy eerste besoek aan die boere in Angola gegaan het, het sy en Lucie hom na Kaapstad vergesel en skeep gegaan na Nederland om daar geneeskundige behandeling te ontvang. Dit het blybaar gehelp. Na sy eerste besoek aan Angola het dominee na Nederland gereis om sy vrou en dogter te ontmoet en saam met hulle na Zeerust teruggekeer.

Om Mevrou in die huishouding by te staan, het hy in 1914 sy ongetroude, enigste suster Anna, in Rotterdam wonend, gevra om na Zeerust te kom. Sy het ingewillig en Mevrou kon toe meer aandag en tyd aan gemeentewerk gee. Na Lucie is vier seuns in die gesin gebore. In Zeerust is gebore Govert Cornelis op 27 September 1911 en Albert Ludwig Eduard op 26 Mei 1913, te Pietersburg is gebore Pieter op 28 Julie 1915 en Frederik Willem op 13 Augustus 1918. Dominee het sy jongste kind Frederik kort voor sy laaste reis na Angola gedoop.³⁷⁾

Private finansiële moeilikhede

Sy jaarsalaris in Zoutpansberg was £50 minder as in Marico, waar hy in 1907 met £400 per jaar begin het. Hy het tydelik sonder sy gesin op Pietersburg gebly omdat die pastorie daar nog verhuur was en opgeknap moes word, en omdat sy suster Anna in Zeerust tifoiëde koers had. Sy het na haar genesing met die gesin na Pietersburg getrek en daar ook die huisgesin van prokureur Remmers van Nederland wat 'n hulpbehoewende vrou en jong kinders had, versorg. Na die oorlyde van die vrou het Anna met Remmers getrouw. Na sy aftrede het hulle in Kaapstad gewoon en hulle is daar oorlede.

Die gemeente Zoutpansberg het 'n groot skuldelas getors en die kerkraad was onenig oor die opknapping van die verwaarloosde pastorie. Dominee het toe £6 vir muurpapier voorgeskiet en £200 van 'n bank geleent teen 7% rente per jaar vir opknapping van die pastorie. Kerkraadslede het £12/10/0 gekollekteer vir die aanbou van 'n badkamer by die pastorie.

Hy het later die kerkraad gevra om hom 6% van die 7% rente te vergoed, maar die kerkraad kon dit nie betaal nie en het hom gevra om hulle die leningsbedrag kwyt te skeld. Hulle was op 23 Desember 1916 £49 agterstallig met betaling van sy salaris oor 1915 en £99 agterstallig oor 1916. Ons wonder hoe hy in dié jare die pot in sy huis vir sy groot gesin aan die kook gehou het. Hy moes in 1915 self sy reiskoste na die Algemene Kerkvergadering in Johannesburg en na die onderwyskongres in Pretoria betaal.

Finansiële moeilikhede van die gemeente

Hy het voorrang gegee aan aflossing van gemeenteskuld bo betaling van sy salaris. Hy het op 2 Mei 1915 uitstel van betaling van £1854 skuld gekry, ywerig geld ingesamel en op 15 Julie 1916 £726 aan skuld afgelos. Sy eggenote het blybaar selde buite haar groot gesin opgetree, maar het ongetwyfeld haar eggenoot moreel kragtig gesteun.

'n Groot verligting van die finansiële moeilikhede is bewerkstellig deur die saamgaan van die gemeentes Zoutpansberg en Waterberg met Nylstroom as hoofdorp. Waterberg het voortaan die pastorie in stand gehou en Zoutpansberg het die predikant se salaris gefinansier. Ds. Van Drimmelen is deur Waterberg beroep en op 8 Junie 1916 is hy te Nylstroom bevestig, andermaal deur ds. L.E. Brandt. Hy het voortaan na 'n predikbeurt kerkraadsvergadering gehou, in Zoutpansberg te Pietersburg, Louis Trichardt en Duiwelskloof, in Waterberg te Potgietersrust en Nylstroom. Die finansiële en geestelike toestande in sy gemeente het aanmerklik verbeter.

Politieke moeilikhede

Die distrikte Zoutpansberg en Waterberg was kort tevore nog blanke grenspioniersgebiede. Talle Afrikaners daar was oortuigde nasionaliste en het met die rebelle in 1914 gesimpatiseer. Daar was gerugte dat ds. Van Drimmelen een van hulle was. Lidmate het gedreig met afskeiding omdat hulle regeringsgesind was, in navolging van ander gemeentes kort na die Tweede Anglo-Boereoorlog 1899-1902 en die Rebellie. Hy het toe voor sy voltallige kerkrade verklaar dat hy hom volledig van alle politieke standpunte distansieer, dit wou sê dat hy politiek geheel en al neutraal en afsydig staan. Sy verklaring het die neiging tot afskeiding laat verdwyn.

In Marico en Zoutpansberg het hy intensief betrokke geraak by die geestelike versorging van afstammelinge van Dorslandtrekkers uit Transvaal in Angola. Dit is die laaste en treffendste hoofstuk in sy lewensgeskiedenis. Hy het in 1919 gesterf by die afstammelinge in Angola. Die hoofstuk sal in 'n latere uitgawe van "Pretoriania" behandel word.

(word vervolg)

Verwysings


- 1) Bron: anoniem, "Wegwijzer 92/93 van de Gemeente Made en Drimmelen", 1992, 88 pp, insonderheid p.12-15, "Korte geschiedenis van Made en Drimmelen".

- 1a) Stamboom of geslagsregister van Govert van Drimmelen, gebore in 1798, opgestel deur mevrou Lucie Heymans, gebore Van Drimmelen, en Govert Cornelis van Drimmelen, kinders van ds. Pieter van Drimmelen. Ek is aan hulle veel dank vir inligting oor hul familie verskuldig. Die inwoners van die dorp Drimmelen wat die naam daarvan as hul van aangeneem het, het na lande buite Europa geëmigreer, onder meer na Nederlandstalige gebiede. Kleinkinders van stamvader Govert, onder wie ds. Pieter, is gebore op Java in Oos-Indië. Van 'n ander tak was mn. C. van Drimmelen in 1899 Districtscommissaris in Nieuw-Nickerie in Suriname of Nederlands Guiana in Wes-Indië; daar is die Van Drimmelenpolder aangelê en na hom vernoem. Hy was in 1918 "Agent-Generaal voor de immigratie in Suriname", waar destyds talle Brits-Indiërs en Javane as plantasiearbeiders aangekom het. Hy het omvangryke tydskrifartikels oor die landbou in Suriname, onder meer in Nieuw-Nickerie, gepubliseer.
- 2) 'n Groot deel van die familie-oorlewing oor die geslagte Van Drimmelen en die lewe en loopbaan van ds. Pieter van Drimmelen is opgeteken in die brosjure en memorandum getitel "Dominee van Drimmelen van Zeerust, Zoutpansberg, Waterberg en Angola in die bediening van die Woord van God en in diens van die Afrikaanse volk", Pretoria, sonder jaar, 24 pp., in tikschrift opgestel deur emeritus-professor Govert Cornelis van Drimmelen van die Universiteit van Pretoria; sy geskrif word hierna aangehaal as "Brosjyre ds. P. van Drimmelen".
- 3) Bevolkingsregister jaar 1879 in die Stadsargief van Rotterdam.
- 4) C. Louis Leipoldt, "Uit my Oosterse dagboek", eers gepubliseer in die weekblad "Die Huisgenoot", daarna in boekvorm uitgegee deur Nasionale Pers, Kaapstad, ens., 1937; aanhaling uit p.20-21.
- 5) In Afrikaans gepubliseer in die tydskrif "Die Vreugdebode, Tydskrif van die Nederduits Hervormde Gemeentes in Suidwes-Afrika", jaargang 2, nr. een, April 1953, p.12-13, jrg 2 nr. 2, Junie 1953, p.13-14, jrg 2 nr 3, Augustus 1953, p.11-12, jrg 3 nr. 4, Oktober 1953, p.11-12. Pieter van Drimmelen was 6 jaar oud toe hy die skipbreuk beleef het, en 15 jaar toe hy sy herinneringe daarvan - miskint met hulp van sy ouers se geheue - in 'n skoolopstel in Rotterdam opgeskryf het. Die opstel is in Afrikaans vertaal en in 1953 in "Die Vreugdebode" in Suidwes-Afrika gepubliseer.
- 6) Dit is die eenbultige kameel van Afrika, in Nederlands drommedaris, in Engels camel, in Afrikaans kameel. Die tweebultige Asiatiese kameel heet in Nederlands en Afrikaans kameel, in Engels camel.
- 7) Professor A.D. Pont het 'n lewenskets van Pieter van Drimmelen gepubliseer in die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in Afrikaans en Engels, Pretoria 1977, p.825, met 2 bronne. Hy het 'n paar klein vergissings begaan. 'n Algemene vergissing is dat Pieter ten onregte Pieter Willem genoem word: hy het ten onregte die doopnaam van sy jonger broer Willem bygekry, sodat somtyds persoonsverwisseling tussen die twee broers ingetree het. 'n Tweede vergissing van Pont is dat Pieter se familie met hom in 1895 na Transvaal geëmigreer het; in die 19de eeu het slegs Pieter en Willem hulle in Suid-Afrika gevwestig. 'n Derde vergissing wat ook in H.M. Rex se hieronder aangehaalde boek oor Zeerust staan, is dat Pieter sy studie in Rotterdam - dit is sy studie in die Erasmiaanse Gymnasium, - tweemaal weens slechte gesondheid of oorspanning moes onderbreek. Die familie-oorlewing vermeld niks daaroor nie. Hy het daarna meestal 'n uitstekende gesondheid geniet en die ontberings en vermoeienisse van die sluipoorlog in 1899-1902 blybaar goed deurstaan.

Jan Ploeger en Gideon de V. de Kock, "Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika 1800-1900", uitgegee deur Departement Rekenaarwetenskap van Universiteit van Port Elizabeth, 1989, noem op p.59 twee Van

- Drimmelen, een P. en een Pieter Willem, met grotendeels dieselfde besonderhede. Hierdie verdubbeling is moontlik ontstaan deur verwarring tussen die twee broers Pieter en Willem.
- 8) Ds. S. Ulfers het ook die eerste Kinderbijbel in Nederlands geskryf; die styl daarvan is geensins kinderlik, maar baie plegtig en verhewe.
 - 9) Prof. A.D. Pont het ook 'n lewenskets van ds. Marius Joseph Goddefroy, Brussel 1848 - Pretoria 1920, gepubliseer in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, RGN, Pretoria, 1977, p.279.
 - 10) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2.
 - 11) Inligting van mevrou Turkstra, Transvaalse Onderwysmuseum, Pretoria.
 - 12) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2, H.M. Rex, "Die voorgeschiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)", uitgegee deur die Kerkraad N.H. Gemeente Zeerust, gedruk deur die N.H.W.-Pers, Pretoria, 1971, p.264.
 - 13) H.M. Rex, "N.H. Gemeente Zeerust", t.a.p. verwysing 12, p.264.
 - 14) Hy is waarskynlik kommandant Johannes Joachim Alberts, gebore in die distrik Pretoria in 1872, oorlede te Ermelo in 1917, deur A.J.P. van Rensburg beskryf in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, RGN, Pretoria, 1977, p.9-10. Hy was veldkorнет en daarna kommandant van die Standertonkommando tydens die sluipoorlog in Oos-Transvaal in 1900-1902. Hy het deelgeneem aan die vredesbesprekings deur verteenwoordigers van die Boerestrydmagte te Vereeniging in Mei 1902 en was een van die ses verteenwoordigers wat teen ondertekening van die vredesverdrag gestem het. Hy was dus 'n oortuigde Bittereinder. Geen wonder dat Pieter en Willem onder hom as Bittereinder tot die vrede geveg het nie.
 - 15) Deur S.P. Engelbrecht afgedruk in sy artikel "Pieter van Drimmelen" in "Hervormde Teologiese Studies", jaargang 9, nr. 2, Pretoria, Mei 1953, p.63-64.
 - 16) S.P. Engelbrecht het 'n lewenskets van ds. Jacobus van Belkum gepubliseer in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 3, RGN, Pretoria, 1977, p.338-339.
 - 17) Varik is 'n klein dorp in die Tielerwaard, die westelike deel van die Betuwe, op die regter wal van die rivier die Waal.
 - 18) Die skrywer van die onderhavige artikel, C. de Jong, is verantwoordelik vir die driesodeling van funksies van die amp van geestelike.
 - 19) S.P. Engelbrecht, "Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika" 2de druk, J.H. de Bussy, Pretoria, en HAUM, Kaapstad, 1936, p.73-96 en p.313-341.
 - 20) S.P. Engelbrecht, "Pieter van Drimmelen" in "Hervormde Teologiese Studies", Mei 1953, p.53-64.
 - 21) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2.
 - 22) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2.
 - 23) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.197-198; Standard Encyclopaedia of Southern Africa", deel 12, in voce Zeerust, Nasou, Kaapstad, 1976.
 - 24) Konsulent is 'n predikant wat tydens 'n vakature in 'n naburige dorp onder andere sakramente bedien en by kerkraadsvergaderinge as voorsitter optree; aldus HAT, Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Johannesburg ens., 1988.
 - 25) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.249-253.

- 26) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.259.
- 27) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.265.
- 28) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.262.
- 29) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.269.
- 30) Jac. van Belkum, "In memoriam (ds. P. van Drimmelen)" in "De Hervormer", Pretoria, 15 April 1919, p.xi-xii.
- 31) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.262-277.
- 32) H.M. Rex, "Die N.H. Gemeente Zeerust", p.270.
- 33) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2.
- 34) S.P. Engelbrecht, "Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg-Zoutpansberg, 1852-1952" uitgegee deur die Kerkraad, Pietersburg 1952, p.7-19, p.70-71, p.102-104.
- 35) Brandt, Louis Ernst, in "S.A. Biografiese Woordeboek", deel 2, uitgegee in Afrikaans en Engels deur die RGN, Pretoria 1972 (2de druk 1906), p.85-86.
- 36) Louis Changuion, "Pietersburg, Die eerste eeu 1886-1986", uitgegee deur Stadsraad van Pietersburg, Pretoria 1986, p.95, 105, 117.
- 37) Brosjyre ds. P. van Drimmelen, t.a.p. verwysing 2 - Ek het geen ander bronne oor sy verblyf te Pietersburg beskikbaar gehad nie.



Drie konsulente van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Marico en Zeerust tussen 1903 en 1908. Van links na regs: Ds. Jac van Belkum van Heidelberg, Ds. Andrew Murray Jr. van Rustenburg en Ds. P.W. Ennis van Klerksdorp. Die familienaam Van Belkum is waarskynlik aangeleid van die dorpsnaam Berlichum in Friesland.

Foto uit H.M. Rex, "Die voorgeschiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)", Pretoria 1971. p. 258


Foto van die broers Gouert Cornelis van Drimmelen, 1826-1896, later vader van Ds. Pieter van Drimmelen (links), en Nicolaas (regs) te Melbourne in Australië tussen 1851 en 1860. Gouert het sy jongere broer Nicolaas uit Nederland laat uitkom en hom gevra om enkele klaviere saam te neem. Hulle het 7 jaar 'n winkel in musiekinstrumente in Australië bedryf en daarna saam na Java, Oos-Indië, geëmigreer.

Foto in besit van Gouert C. van Drimmelen Jr. te Pretoria



Pieter van Drimmelen as student in die teologie aan die Universiteit van Utrecht in 1906. Op sy lessenaar staan die portretfoto van sy verloofde Maria Elisabetha Gastmann.

*Foto C. en L. Vermeulen
Den Haag en Utrecht
In besit van Gouert C.
van Drimmelen*



59

Die jong gesin van Ds. Pieter van Drimmelen te Zeerust omstreeks 1912. Van links na regs: dogter Lucie, gebore in 1908,
Mevrou Maria van Drimmelen gebore Wiggers en Ds. Pieter van Drimmelen.
Uit H.M. Rex, "Die voorgeschiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde
Gemeente Zeerust (Marico)", Pretoria 1971. p. 274

**LEWENSKETS VAN PROFESSOR WILLEM FRANÇOIS J. STEENKAMP
1905-1993**

deur C de Jong

Willem François Joubert Steenkamp - gewoonlik Frans genoem - is gebore te Ermelo in Oos-Transvaal op 17 April 1905. Sy vader was Willem François Steenkamp, boer, gebore te Ermelo op 14 Februarie 1874, oorlede te Pretoria op 2 Junie 1954. Sy moeder was Margaretha Francina van Aardt, gebore in die distrik Somerset-Oos in die Kaapkolonie op 14 Januarie 1879, oorlede te Pretoria op 22 Januarie 1965.¹⁾ Hulle het 80 onderskeidelik 86 jaar oud geword. Ook hul seun Frans mog 'n hoë leeftyd - 88 jaar - bereik. Hulle is getroud op 6 April 1897. Willem François was Bittereinder in die Tweede Anglo-Boereoorlog 1899-1902, dit wil sê hy het tot die einde van die oorlog op 31 Mei 1902 geveg. Hy was tydens die ongereëlde oorlog (guerilla) by die kommando Ermelo onder bevel van kommandant-generaal Louis Botha en het sy lewe lank 'n volgeling van hierdie generaal en staatsman gebly. Hy het sy seun meermale oor die sluipoorlog vertel, ook oor die wreedhede van die Britse verskroeide-aarde-taktiek. As aanhanger van Louis Botha het hy hom aangesluit by die regeringstroope wat die Rebellie in 1914 onderdruk en Duits Suidwes-Afrika in 1915 verower het. Hy het oorweeg om aan die veldtog van die Unietroope in Oos-Afrika deel te neem, maar daarvan afgesien na smeekbedes van sy eggenote.

Sy seun Frans het opgegroei op sy vader se plaas nabij die grens tussen Transvaal en Swaziland tussen swartes. Deur sy omgang met Swazi's het hy altyd waardering vir die gebruikte en sedes van die swartes gehad. Hy het die middelbare skool te Ermelo deurloop en in 1924 gematrikuleer, ongetwyfeld met hoë slaagsyfers, want hy was intellektueel begaafd.

In die joernalistiek

Van 1924 tot 1929 was hy leerling-joernalis en volverslaggewer by die koerant "De Volksstem" in Pretoria. Dié koerant is in 1873 deur Staatspresident T.F. Burgers gestig en het 'n woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Party (SAP), eers onder die partyleiding van Louis Botha, daarna van Jan C. Smuts, geword. Die koerant het in die joernalistiek 'n goeie naam verwerf onder hoofredakteur F.V. Engelenburg, gebore in Nederland en veelsydig begaafd. Frans Steenkamp het onder hom gewerk tot sy aftrede in 1929. Frans se eintlike leermeester in die joernalistiek was Nathan Levi, 'n streng leermeester wat geen onnodige woord in die koerant wou toelaat nie. Die taal van die koerant was tot omstreeks 1925 Nederlands, daarna Afrikaans. Die koerant het gedeel in die teenspoed wat J.C. Smuts en sy politieke party by die parlementsverkiesing in 1948 ondervind het en is in 1952 opgehef. Sy funksie om Afrikanerjoernaliste op te lei, is reeds voor die Tweede Wêreldoorlog oorgeneem deur die koerant "Die Burger" in Kaapstad.